

Ekonomieë in 'n flits

Oktober 2021

Raming 2021:

BBP: 5.7%
Inflasie: 3.0%

Raming 2022:

BBP: 4.2%
Inflasie: 2.5%

Eurosone

Notules van die Europese Sentrale Bank (ECB) se September-vergadering wys dat sommige beleidsmakers bekommerd is daaroor dat hulle toekomstige inflasie onderskat en het hulle vir 'n groter besnoeiing van bate-aankope gevra. Bottelnekke met aanvoerkettings en stygende brandstofpryse het inflasie na sy hoogste vlakke in 'n dekade laat styg. Nietemin skat die ECB dat oorhoofse inflasie van 'n gemiddelde van 2.2% in 2021 na 1.7% in 2022 sal daal, en verder na 1.5% in 2023. Die ECB het ook daarop gelet dat onderliggende inflasie steeds op gedempte vlakke bly. Hy het bygevoeg dat die styging in die vergoeding per werknemer op normalisering in indiensneming dui, eerder as 'n toename in lone en verwag hy daarom dat die effek van onlangse loonontwikkelinge gedemp sal wees. Verwagtinge vir inflasie oor die langer duur het toegeneem, maar dit bly egter onder die ECB se nuwe inflasietekens.

Raming 2021:

BBP: 7.0%
Inflasie: 2.3%

Raming 2022:

BBP: 5.2%
Inflasie: 3.2%

Japan

Politieke wanorde in die opposisie-banke kan lei tot 'n oorwinning vir Japan se Liberale Demokratiese Party (LDP) in die blitsverkiesings, met Fumio Kishida aan die stuur. 'Abenomics' is as meer gunstig vir welvarendes beskou, en Kishida probeer die LDP posisioneer as 'n party wat groei en herverdeling bevorder. Die nuwe premier het belastingaansporings vir maatskappye voorgestel om die herverdeling van welvaart na werkers aan te moedig. Dié stap was egter reeds onder voormalige premier, Shinzo Abe, probeer, met min sukses. Die dinktenk Research Institute of Economy, Trade and Industry het daarop gewys dat Japan se gaping in produktiwiteit met die VSA dieselfde gebly het sedert 1990. Herverdeling kan teen 'n agtergrond van hoër ekonomiese groei gebeur as Kishida burokrasie kan verminder, ondoeltreffendhede sny en die deelname van vroue en ouer mense in die arbeidsmark kan verbeter.

VSA

Die Amerikaanse kongres het gestem vir 'n korttermynoplossing om die skuldplafon met \$480 miljard te verhoog en sodoende die regering se rekeninge tot 3 Desember te kan betaal. Die krisis gaan waarskynlik oor ses weke weer sy kop uitsteek, met die Demokrate wat nie wil instem tot 'n begrotingreksiliasie vir 'n meer langdurige toename in die skuldplafon nie. Capital Economics meen moontlike eensydige optrede, soos die munt van 'n platinummuntstuk met 'n enorme waarde of die aanvoering van die 14de wysiging van die grondwet, sal nie gebeur nie, maar dat 'n langer ooreenkoms uiteindelik deur meer gevestigde metodes bereik sal word aangesien niemand verantwoordelik gehou wil word vir wanbetaling deur die regering nie. 'n Peiling deur Politico/Morning Consult in September dui daarop dat in die geval van 'n wanbetaling, 39% van kiesers beide partye ewe sal blameer, 31% meestal die Demokrate die skuld sal gee, terwyl 20% die Republikeine kwalik sal neem.

Raming 2021:

BBP: 5.0%
Inflasie: 2.3%

Raming 2022:

BBP: 4.5%
Inflasie: 1.8%

Verenigde Koninkryk

Die maandelikse styging in September se inflasiekoers was die skerpste styging sedert 1997. Dit het tot meer 'valkagtige' uitsprake van sommige lede van die Bank van Engeland (BoE) se monetêre beleidskomitee gelei. Die finansiële markte het Andrew Bailey, president van die BoE, se opmerkings beskou as 'n aanduiding dat die volgende siklus van rentekoersverhogings voor die einde van die jaar gaan begin, nieëntsaande min bewyse dat inflasie deur vraag aangevuur word. Die markte verwag 'n verhoging van rentekoerse in November en Desember en 'n verdere 75 basispunte in 2022. Verwagtinge vir rentekoerse oor die langer termyn dui egter op 'n afskaling van strenger beleid en ook dat die mark die kans van 'n beleidsfout deur die BoE as 'n risiko beskou. Deutsche Bank se maandelikse peiling wys dat 45% van respondente glo die BoE loop die risiko om te valkagtig te wees (teenoor 20% te duifagtig en 16% onseker).

Raming 2021:

BBP: 2.3%
Inflasie: 0%

Raming 2022:

BBP: 2.6%
Inflasie: 0.4%

China

Groei in China het in die derde kwartaal na 4.9% gestruik vanaf 'n baie groter styging van 7.9% in die tweede kwartaal, te midde van energietekorte, verskepingvertraginge en druk op die eiendomsektor. Die bydrae van uitvoere tot die land se groei is die hoogste in 'n dekade en dit het die ekonomie se energie-intensiteit laat toeneem na hoër as die regering se doelwit. 'n Skerp styging in steenkoolpryse en 'n gretigheid om koolstofgasse te verminder in aanloop tot die G20-beraad en die Verenigde Nasies se beraad oor klimaatsverandering het nywerheidssektore soos staal en sement die hardste getref. Daarom is steenkoolmyne onlangs aangemoedig om produksie te verhoog. Terwyl elektrisiteitstekorte in die laaste paar maande van 2021 sal verminder, kan 'n swakker eiendomsmark 'n wind van voor wees in 2022. Beleidsmakers sal waarskynlik meer ondersteunend raak indien korttermyn groei 'n groter probleem raak.

Raming 2021:

BBP: 6.5%

Inflasie: 3.5%

Raming 2022:

BBP: 5.2%

Inflasie: 3.8%

Raming 2021:

BBP: 8.2%

Inflasie: 1.1%

Raming 2022:

BBP: 5.5%

Inflasie: 2.2%

Ontluikende markte

In die tweede kwartaal het kommoditeitsverwante uitvoere en diensesektore beter as die res presteer, wat ook die geval in die derde kwartaal was soos owerhede se aptyt vir nuwe beperkings op ekonomiese aktiwiteite verminder het. Luidens die Google COVID-19 Community Mobility-verslag het mobiliteit in EEMEA (Oos Europa, die Midde Ooste en Afrika) en Latyns-Amerika herstel na vlakke soos voor die pandemie, maar weens nuwe inperkings het dieselfde nog nie in ontluikende Asië gebeur nie. Standard and Poor's se graderingsagentskap skat dat ekonomiese aktiwiteit in hierdie streek teen die einde van 2022 11% laer gaan wees as voor die pandemie. Belangrike ekonomieë in Latyns-Amerika en EEMEA gaan na verwagting aan die begin van 2022 herstel na vlakke soos voor die pandemie. Ten spyte van hierdie herstel gaan ontwigtings aan aanvoerkettinge, swakker fiskale posisies en die normalisering van rentekoersebeleid risiko's bly vir die brose herstel.

Raming 2021:

BBP: 4.9%

Inflasie: 4.5%

Raming 2022:

BBP: 2%

Inflasie: 4.5%

Suid-Afrika

Die herstel in ekonomiese groei is ondersteun deur sterker internasionale groei (vanweë ekspansionêre beleid en grootskaalse inentingsprogramme) en lae rentekoerse, fiskale ondersteuningsmaatreëls en minder COVID-19-inperkings plaaslik. Die herstel was die sterkste in landbou en die mynwyse, en die swakste in konstruksie, vervoer en handel. Groei in netto welvaart, lae rentekoerse en 'n vinnige herstel in lone, asook 'n toename in maatskaplike toelaes, het en sal aanhou om verbruiksbesteding 'n hupstoot te gee, maar traë groei in indiensneming sal veroorsaak dat die herstel in huishoudings se besteding sy fut in 2022 verloor. Hoër kommoditeitsuitvoere mag verdere beleggings in die mynbedryf en verwante bedrywe lok, maar elektrisiteitstekorte en swakker beleggersvertroue kan 'n skerper herlewing in vaste investering verhoed, wat swakker was as algehele groei selfs al voor die pandemie. 'n Opmerklike verbetering in fiskale vooruitskattings kan keer dat graderingsagentskappe negatiewe stappe neem vanjaar. Aanbodkantskotte gaan waarskynlik inflasie oor die kort termyn hoër laat neig, maar gematigde voorspellings oor die medium termyn behoort die Reserwebank in staat te stel om rentekoersverhogings na vroeë volgende jaar uit te stel.

Die makro-navorsingspan

Herman van Papendorp is hoof van Momentum Investments se span vir navorsing en insigte en het finale verantwoordelikheid vir makronavorsing en bateallokasie. Ekonomiese, Sanisha Packirisamy, is verantwoordelik vir die makro- raamwerk vir beleggingsgeleenthede en -strategieë.



Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerdes, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborge van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknemers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konnaksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomstig vry te waar. Vir meer inligting besoek momentum.co.za. Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.

Indekse vir Oktober 2021

| | Een maand | Drie maande | Een jaar | Drie jaar | Vier jaar | Vyf jaar | Ses jaar | Sewe jaar | Tien jaar |
|--|-----------|-------------|----------|-----------|-----------|----------|----------|-----------|-----------|
| Aandele-indekse | | | | | | | | | |
| FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi) | 5.15% | 0.08% | 35.96% | 12.62% | 6.96% | 9.47% | 7.21% | 7.83% | 11.06% |
| FTSE/JSE Aandeelhoudersgewoegde-indeks (Swix) | 2.82% | 1.72% | 29.39% | 9.65% | 4.05% | 6.57% | 5.23% | 5.99% | 10.41% |
| FTSE/JSE Bobeperte Swix-indeks | 2.69% | 3.29% | 39.78% | 9.14% | 4.38% | 6.13% | 4.78% | 5.54% | 10.09% |
| FTSE/JSE Top 40-indeks | 5.27% | -0.91% | 33.44% | 13.42% | 7.17% | 10.15% | 7.19% | 7.91% | 11.04% |
| FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye | 1.16% | 5.46% | 47.34% | 8.20% | 4.71% | 4.16% | 5.80% | 6.02% | 9.83% |
| FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye | 3.12% | 16.52% | 83.74% | 11.43% | 5.62% | 5.30% | 5.67% | 6.11% | 11.74% |
| FTSE/JSE Hulpbronindeks | 8.39% | -6.40% | 43.16% | 22.23% | 20.08% | 20.68% | 16.98% | 9.57% | 6.17% |
| FTSE/JSE Finansiële-indeks | -3.16% | 10.99% | 55.31% | 0.03% | 0.55% | 2.47% | 0.63% | 3.11% | 9.88% |
| FTSE/JSE Nywerheidsindeks | 6.69% | 1.16% | 24.33% | 12.94% | 3.26% | 7.03% | 4.71% | 6.86% | 13.06% |
| FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse | | | | | | | | | |
| 40-indeks (Rafi) | 1.07% | 4.17% | 54.90% | 11.18% | 8.01% | 10.20% | 9.13% | 8.01% | 10.46% |
| FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse Alsi | 1.54% | 4.52% | 55.63% | 11.05% | 7.89% | 9.84% | 8.87% | 7.78% | 10.20% |
| FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindeks (Sapy) | -1.69% | 4.81% | 65.93% | -6.77% | -9.92% | -6.05% | -4.73% | -1.51% | 5.01% |
| Rentendraende-indekse | | | | | | | | | |
| FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi) | -0.48% | -0.93% | 10.93% | 9.53% | 9.09% | 8.27% | 8.04% | 7.58% | 7.92% |
| FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi) | -0.11% | 0.46% | 2.81% | 8.15% | 8.24% | 8.24% | 8.11% | 7.87% | 7.41% |
| FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-indeks (Ili) | 0.63% | 2.17% | 15.32% | 5.43% | 4.60% | 3.52% | 4.03% | 4.27% | 6.39% |
| Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi) | 0.32% | 0.96% | 3.78% | 5.67% | 6.07% | 6.37% | 6.51% | 6.50% | 6.20% |
| Kommoditeite | | | | | | | | | |
| NewGold Beursverhandelde Fonds | 2.37% | 1.20% | -11.96% | 14.09% | 10.32% | 9.04% | 8.93% | 10.75% | 6.76% |
| Goudprys (in rand) | 1.98% | 0.57% | -12.55% | 14.56% | 10.69% | 9.18% | 9.26% | 11.25% | 7.13% |
| Platinum Beursverhandelde Fonds | 6.16% | 0.91% | 11.62% | 7.15% | 4.05% | 2.73% | 1.70% | 1.55% | |
| Platinumprys (in rand) | 8.50% | 0.21% | 13.16% | 8.24% | 4.68% | 3.37% | 2.32% | 2.22% | -0.06% |
| Wisselkoersbewegings | | | | | | | | | |
| Rand/euro bewegings | 0.90% | 1.42% | -7.66% | 1.69% | 1.65% | 3.54% | 2.41% | 3.49% | 4.80% |
| Rand/dollar bewegings | 1.04% | 3.93% | -6.80% | 0.98% | 1.83% | 2.43% | 1.63% | 4.67% | 6.77% |
| Inflasie-indeks | | | | | | | | | |
| Verbruikersprysindeks (VPI) | | | 4.97% | 4.03% | 4.25% | 4.41% | 4.69% | 4.68% | 5.01% |

Important notes

- Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
- Returns for periods exceeding one year are annualised.
- The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
- The MSCI World index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
- FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
- The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
- Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
- The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
- Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.